

St. Paulinus van Nola

22 Junie

(353—431)

Paulinus was een van die vernaamste mense van sy tyd in die stad Rome, waarvan hy die konsul was. Hy was ryk en diep betrokke by die politieke lewe. Toe hy die besluit neem om Christus te volg was dit met totale oorgawe. Hy verdeel al sy besittings onder die armes, word priester en gaan woon op die platteland. Toe hy in 409 biskop word, bly sy leefwyse nog steeds soos dié van die armste onder sy geestelike kudde. .

© Die Oratorium Uitgewery